

Jy is die argitek van jou eie toekoms.

Ecsponent is daar om jou te help om jou finansiële doelwitte te bereik. In 2017 sal ons jou stap vir stap van raad voorsien en help om finansiël vry te word.

Ons skop die jaar af met die bespreking van die belangrikheid van finansiële doelwitte. In die volgende paar maande sal jy artikels kan lees oor die emosie van geld, hoe om geldslim te wees, geldelike selfdissipline, die slaggate van skuld en vele meer.

‘n Geldplan skep gemoedsrus

Finansiële doelwitte is die sleutel tot welvaartskepping en om finansiël onafhanklik te word.

Navorsing toon dat mense wat welvaart skep, streng finansiële doelwitte vir hulself stel en dit pligsgetrou nakom. Hulle beplan vooruit en is bereid om korttermyn opofferinge te maak om later die langtermynvoordele van welvaart te pluk.

Daar is die persepsie dat “ryk” mense finansiël suksesvol is, maar dis nie noodwendig waar nie. Mense wat baie geld verdien, kan dit net so vinnig verkwis. Hulle handhaaf miskien ‘n hoë lewensstyl, maar het dikwels niks om te wys nie. Trouens, sommige mense mors tot 10% van hulle inkomste deur nie te begroot nie en hulle nie tot finansiële doelwitte te verbind nie. Dit is eenvoudig inkomste, maar nie noodwendig welvaart nie.

Dit maak nie saak hoe klein jou inkomste of hoe groot jou skuld is nie, jy kan ‘n verskil aan jou lewe maak deur doelwitte op te stel en dit na te kom.

Bepaling van doelwitte

Daar is ‘n verskil tussen drome en doelwitte. Drome is vaag en verg niks van jou nie, terwyl doelwitte vereis dat jy iets wesenlik doen.

Die groot verskil is motivering. ‘n Droom is iets wat jy begeer, maar nie gemotiveerd is om dit self te vermag nie. ‘n Doelwit is iets waarvoor jy beplan en werk om dit te bereik. Daarvoor moet jy tyd en energie afstaan – die prys van finansiële sukses.

Om jou doelwitte suksesvol te bereik, moet jy hulle neerskryf.* Die proses bemagtig jou, want jy kan jou doelwitte beheer en aanpas en mettertyd selfs hoër doelwitte stel.

* Ecsponent se Finansiële Lewe-lêer is die ideale plek om jou doelwitte op te teken en die vordering dop te hou.

Hoe om doelwitte op te stel

Om doelwitte te stel vereis ‘n introspektiewe beplanningsproses. Dis eenvoudig en moontlik vir ieder en elk. Tog word dit deur so baie mense afgeskeep.

Begin met die pad tot sukses deur te besin oor jou toekoms en wat jy as ‘n ideale lewe voorsien. Sodra jy die prentjie in jou kop opgestel het, is jy gereed om met jou doelwitte tot finansiële sukses te begin. Wees spesifiek, soos om te skryf “Ek wil in 2030 aftree met R10 miljoen.”

Met die datum en bedrag in plek, rig jy die onderneming aan jouself.

Die doelwitte moet natuurlik moontlik wees en gebaseer op jou ware behoeftes. Wees egter versigtig om nie doelwitte te stel wat onhaalbaar hoog is nie. Dit moet ook nie vaag, lukraak of sonder plan wees nie.

Met dít in plek is dit tyd om ‘n tipe padkaart vir jou op te stel om jou langtermyn doelwitte te bereik deur kleiner en korter doelwitte op te stel.

‘n Padkaart tot sukses

‘n Meesterbelegger se eerste doelwit is om bestaande kapitaal te beskerm. Jy kan nie meer bestee as wat verdien word nie, want dan vreet jy jou kapitaal op. Om kapitaal te beskerm en binne jou perke te lewe is die fondasie van welvaartskepping.

Stel jou doelwitte (bv. vroeë aftrede, betaling van skoolgeld, die koop van ‘n nuwe huis, ens.) volgens jou prioriteite en tydsberaming.

Volgende aan die beurt is besluite rondom jou huidige finansiële prioriteite en vir die meeste van ons beteken dit om skuld eerste af te los. Delg elke bron van skuld en betaal soveel moontlik af terwyl jy steeds by jou begroting hou.

As jou skuld afgelos is, kan jy met jou besparingsdoelwitte begin. Bepaal hoeveel jy elke maand gaan spaar en watter inkomstebronne jy gaan aanwend om seker te maak dit gaan gebeur. Dit word dan gevolg deur jou aftree- en welvaartskeppende doelwitte.

Volg die proses stap-vir-stap om te bepaal hoe jy binne ‘n sekere tyd by elke teiken gaan uitkom. Hierdie planne moet gereeld aangepas word om by jou omstandighede aan te pas. Dit is jou padkaart en uiteindelik jou meesterplan tot finansiële welvaart.

Wat die doelwit ook al is, jy kan dit realiseer deur baba treë te neem. Daar is nie so iets soos ‘n mislukking nie, want jy doen ervaring op wat jou deur stampe en stote tog uiteindelik tot sukses sal lei.

Begin vandag en moet nooit weer toelaat dat die gebrek aan geld jou lewe dikteer nie!

Groter is nie beter nie

Onstabiliteit in die markte en swak prestasie van baie beleggingsportefeuljies is tans van die belangrikste redes waarom beleggers uit die markte onttrek.

Terselfdertyd voer baie van die groot finansiële beleggingsmaatskappye ook aan dat dit veiliger is om by bekende handelsmerke in die tye te belê, pleks van by kleiner en minder bekende maatskappye. Beleggingsbestuurders trek die aandag weg van swak opbrengste en om beleggers te paai maan hulle dat tyd en geduld nodig is om langtermyn groei te verseker.

Hulle vergeet egter om by te voeg dat die groot maatskappye ook klein en onbekend begin het. Boonop moet die beleggers vandag opdok vir al die streekkantore, beleggingsbestuurders en magdom administratiewe personeel van die grotes.

Maar is groter werklik beter as dit kom by die keuse van 'n beleggingsvennoot?

Kleiner maatskappye bied geleenthede

Dr. Anton Rupert, stigter van die Rembrandt-groep, het 35 jaar gelede reeds gewaarsku teen die siening dat net groot maatskappye in tye van onsekerheid kan meeding.

Hy het gesê dit is kleiner kapitalisasie-maatskappye wat werk skep, buigsaam is en wat innoveer deur unieke geleenthede te identifiseer en produkte daarvoor te ontwikkel. Dit is die entrepreneur se inisiatief, sy skeppende denke, ambisie en deurstellings vermoë wat die sukses van die onderneming verseker.

Geen wen/wen situasie

Fondsbestuurders en adviseurs verdien 'n bestuursfooi op die fondse onder hulle bestuur.

Verder is daar bonusse vir die fondsbestuurders op die spel as hulle die fonds se maatstaf, wat dikwels so laag as 2% bo inflasie is, sou klop. Prestasiebonusse word dus geredelik – veral in bulmarkte – aan fondsbestuurders betaal. Dit is koste wat direk van die beleggers verhaal word.

Gedurende tye van afswaai en beermarkte is dit ook die belegger wat die pyn of verliese van 'n verlaagde opbrengs moet verduur terwyl die fondsbestuurders en adviseurs steeds hul koste verhaal.

Die invloed van koste

Let op dat koste van slegs 1% oor 'n tydperk van 40 jaar die opbrengs van 'n portefeulje met 30% verlaag. Dit is wat Rob Rusconi, onafhanklike aktuaris, jare gelede al aan ons bewys het, toe hy die skrikwekkende effek van koste op beleggings ontleed het.

Opbrengste onder die loep

Die aandelefonds van een van die grootste effekte trusts in Suid Afrika het tussen Oktober 2015 en 2016 slegs 'n opbrengs van 4.2% behaal. Trek die totale koste van 2.35% daarvan af en die belegger se opbrengs was veel laer as inflasie.

Hou dan ook in gedagte dat die JSE se klein- en medium kapitalisasie maatskappy-indeks se opbrengs sedert 2002 net mooi 76.6% meer was as die algemene aandele-indeks. Dit laat mens dink, nie waar nie?

Hoe lyk 'n klein diamant?

Natuurlik is daar 'n gevoel van veiligheid as in groter maatskappye en bekende handelsmerke belê word. Tog is daar baie winsgewende en veilige alternatiewe.

Hoewel daar alternatiewe geleenthede as by die "finansiële reuse" bestaan, moet versigtigheid nooit oorboord gegooi word nie. Risiko en beloning moet versigtig opgeweeg word. Vir die beleggers wat graag die groeigeleenthede van kleiner maatskappye wil benut, lê die kuns daarin om 'n klein maar ontluikende diamant te identifiseer. Hier is 'n paar riglyne om 'n diamant te identifiseer:

1. Regulering

Maatskappye en instellings wat binne 'n spesifieke regs- en regulatoriese raamwerk handel, word aanspreeklik gehou vir hul aksies wat beleggers beskerm.

Maak byvoorbeeld seker dat die maatskappy by die Finansiële Diensteraad geregistreer is. 'n JSE-notering gee ook gemoedsrus omdat finansiële resultate gereeld gepubliseer moet word. Net so moet daar aan die streng noteringsvereistes van die JSE voldoen word.

2. Resultate

Maatskappye, hetsy groot of klein, wat 'n bewese rekord van groei oor 'n aantal jaar toon, kan met gemak tot die lys van moontlike beleggings gevoeg word.

3. Volhoubaarheid

Ontleed die maatskappy se huidige besigheid en toekomstige uitbreidingsplanne. Watter markte word ontwikkel? Is die maatskappy aktief in groeisektore soos hernieubare energie en biotegnologie waar groot geleenthede in die toekoms wag? Dit kan net groeiende en volhoubare opbrengste verseker.

4. Leierskap

Die prestasie van 'n maatskappy se leierskapspan is 'n aanduiding van hul vermoëns. Stel vas of die leiers aansien in die sakewêreld geniet en evalueer die maatskappy se formele beheerstrukture.

5. Openbare persepsie

'n Gebalanseerde openbare profiel is baie belangrik. Maatskappye wat oor die algemeen 'n gesonde beeld het en navrae of kritiek op 'n professionele en deursigtige wyse hanteer, kan oor diamantkenmerke beskik.

6. Tevredenheid van kliënte

Dit is die mees kritieke toets. Om 'n diamant te vind, maak seker dat die kliënte:

- tevrede is met hul beleggingsopbrengste;
- gelukkig is met die diensvlakke wat gelewer word;
- bereid is om vriende en familie na die maatskappy te verwys; en
- weer herbelê na afloop van die beleggingstermyn.

By Ecsponent glo ons nie net dat ons aan die kriteria voldoen nie, maar dat ons dit oortref. Kontak ons om meer inligting te kry oor ons eksponensiële groei en hoe beleggers stabiele en vasgestelde opbrengste op hul beleggings kan verdien.

